SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

SAHGCA SAJWV

REëLS VIR DIE STREEK EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES

1. Inleiding

Die skietkompetisies van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging is gestruktureerde landswye kompetisies wat beheer word deur dieselfde reëls vir die kwalifiserende fase op streekvlak en die nasionale kompetisies. Die skietkompetisies op streekvlak moet afgehandel wees teen einde Junie om te kan dien as kwalifiserende tellings vir moontlike uitnodiging van individue na die nasionale kompetisies, waar van toepassing, wat in die tweede helfte van elke jaar sal plaasvind. Die volgende skietkompetisies vind plaas:

1.1 Op streek- en nasionale vlak:
- **1.1.1** Presidentskietkompetisie vir individue;
- **1.1.2** Intertak Spanskietkompetisie;
- **1.1.3** Junior Skietkompetisies vir individue;
  - **1.1.3.1** die Luggeweer skietkompetisie vir Juniors onder 9 en;
  - **1.1.3.2** die 22 Randslag en Drukluggeweer skietkompetisies vir Juniors onder 13.
  - **1.1.3.3** die 22 Randslag en Drukluggeweer skietkompetisies vir Juniors onder 18.

1.2 Slegs op streeksvlak:
- 1.2.1 Intertak UITDAAG Spanskietkompetisie

2. Algemene reëlings en prosesse

Die reëlings vir die streek en nasionale skietkompetisies verloop soos volg:

2.1 Skuts kan aan meer as een skietkompetisie op streekvlak deelneem, ook in ander streke en alle tellings so behaal sal in aanmerking kom vir die onderskeie ranglyste. Indien meer as een telling ingedien word, bepaal die hoogste telling die skut of span se plek op die ranglys;

2.2 Om deelname aan te moedig op streekvlak is uitnodiging na en deelname aan streekskiet-kompetisies oop vir alle SAJWV lede wat wil deelneem;

2.3 Die enigste beperking vir deelname op streekvlak is die hoeveelheid deelnemers wat die skietbaan kan akkommodeer. Daar moet ook voorkeur gegee word aan die spesifieke streek se skuts bo skuts wat vanuit ander streke kom deelneem. ‘n Streek kan besluit om inskrywings tot ‘n streekskietkompetisie te beperk tot slegs SAJWV lede vanaf die takke in die spesifieke streek;

2.4 Die Junior skietkompetisies op streekvlak kan tydens alleenstaande geleenthede of saam met die streek President, Intertak Span- en Intertak UITDAAG spanskietkompetisies aangebied word;

2.5 Net die eerste telling deur elke deelnemer/span aangeteken by ’n streekkompetisie is geldig en ‘n opvolg (tweede probeerslag) op dieselfde dag is nie aanvaarbaar nie;

2.6 Vir ‘n spanskietkompetisie moet al die skietoefeninge op die kompetisiedag deur al die skuts in ‘n span geskiet word om te kwalifiseer;

2.7 Streekkompetisies as kwalifiserende rondte moet afgehandel wees teen 30 Junie van die jaar;

2.8 Takke in elke streek word aangemoedig om in samewerking met die streekkoördineerder die nodige reëlings betyds te tref om datums en skietbane te reël vir die kompetisie op streekvlak;

2.9 Kwalifiserende tellings vanaf streekskietkompetisies moet deur die gasheertak gefinaliseer en op die tablet van die gasheertak ingevoer word op die *SAJWV Skietkompetisiemodule* vir verwerking van resultate daarvoor verskaf. Hierdie data moet so spoedig moontlik gesinchroniseer word met die nasionale databasis van streek-skietresultate, maar nie later as 12h00 van die Woensdag wat volg op die Saterdag waarop die kompetisie plaasgevind het. Tellings wat nie met die sagteware program verwerk en ingedien is nie, sal nie aanvaar word vir die ranglyste nie;

2.10 Vir die datum van nasionale skietkompetisies verwys na die kalender van SAJWV. Die skietbane waar dié nasionale kompetisies plaasvind en die gasheertakke daarvoor, word jaarliks bekend gemaak;

2.11 Op streekvlak word dit aanbeveel dat die Intertak Spanskiet- en Presidentskietkompetisie gelyktydig op dieselfde dag aangebied word. Die skuts skryf in as individue en spanne. Elke skut skiet die twee skietoefeninge elkeen eenmaal en die telling van elke skut word gebruik vir 'n Presidentskiet kwalifiserende telling en die vyf skuts van 'n span se totaal word gebruik vir 'n kwalifiserende spantelling vir die Intertak Spanskiet. Elke skut moet dus op sy eie teiken skiet vir die twee skietoefeninge om ook die individuele tellings te kry.

3. Algemene reëls

3.1 Daar moet 'n 100m inskietbaan op die dag van die kompetisie voor aanvang van die kompetisie beskikbaar wees. 'n Minimum van 10 minute totale inskiettyd vir al die skut se vuurwapens word toegelaat;

3.2 Slegs tellings behaal tydens 'n streekkompetisie teen ten minste een ander tak, kan ingedien en geregistreer word;

3.3 Daar sal teen enige skut wat enige van die skietoefeninge se reëls verbreek, dissiplinêr opgetreë word.

---

4. Presidentskietkompetisie

4.1 Die jaarlikse nasionale Presidentskietkompetisie vir individue het ten doel om die SAJWV se skut van die jaar te bepaal.

4.2 Die reëls van die "SAJWV LIGA SKIETKOMPETISES – Skietoefening vir die President- en Intertak Spanskiet spanskietkompetisies" geld vir die kompetisies vanaf 1 Januarie 2015.

4.3 **Deelname op streekvlak** vind plaas in die volgende klasse en 'n skut word outomaties ingedeel in die Ope klas, B-klas of C-klas gebaseer op sy/haar hoogste puntetelling behaal in die Presidentskietkompetisie op streek of nasionale vlak van die vorige jaar (die klasse indeling is net van toepassing tydens streek Presidentskietkompetisies en nie van toepassing tydens die nasionale Presidentskietkompetisie nie). Skuts wat nie 'n vorige klas indeling het nie, val outomaties in die C-klas:

- 4.3.1 Ope klas – 75% of meer
- 4.3.2 B-klas – 50% of meer, maar minder as 75%
- 4.3.3 C-klas – minder as 50%
- 4.3.4 Dames
- 4.3.5 Seniors, 65 jaar en ouer
- 4.3.6 Juniors, 18 jaar en jonger

4.4 Uitnodiging en deelname in klasse by die **nasionale Presidentskietkompetisie** word gebaseer op die totale hoogste telling behaal op streekvlak vir die twee skietoefeninge. Die Ope-klas, B-klas of C-klas indeling is nie van toepassing tydens die nasionale Presidentskietkompetisie nie:

- 4.4.1 Ope klas (Top 100) van huidige jaar – alle deelnemers – Ope-klas, B-klas, C-klas, dames, seniors en juniors ingesluit - kan kwalifiseer vir die Ope klas (Top 100);
- 4.4.2 Top 20 van die vorige jaar se nasionale Presidentskietkompetisie;
- 4.4.3 Dames klas (Top 10) – die Top 10 dames;
- 4.4.4 Senior klas (Top 10) – die Top 10 skuts, 65 jaar en ouer. Om te kwalifiseer as 'n senior skut moet die skut in die jaar van deelname 65 jaar oud word, of ouer wees;
- 4.4.5 Junior klas (Top 10) - die Top 10 skuts, 18 jaar en jonger. Om te kwalifiseeer as 'n Junior onder 18 jaar, moet die junior op 1 Januarie nog nie 18 jaar oud wees nie. So 'n persoon kan dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die Junior onder 18 jaar klas. Die junior klas neem deel onder dieselfde reëls as die volwasse skuts en daar is geen toegewings t.o.v. bv. skietposisies ens nie en geen afrigting of bystand word toegelaat gedurende die kompetisie nie. Die wettige lisensiehouer van die vuurwapen wat die junior gebruik moet die junior tot by die skietpunt vergesel en teenwoordig wees terwyl die junior die vuurwapen gebruik.

4.5 Toekennings ens

4.5.1 **Op streekvlak** - die toekennings op streekvlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie wat aandui dat dit op streekvlak behaal is, soos volg:

4.5.2 Op die totaal van die twee skietoefeninge, algeheel derde plek (brons), algeheel tweede plek (silwer) en wenner (goud) – **medaljes en sertifikate** vir elkeen van die ses klasse in item 4.3.1 tot 4.3.6;

4.5.2.1 Alle skuts in die ses verskillende klasse (item 4.3.1 tot 4.3.6) kompeteer ook in die Ope klas vir medaljes en sertifikate ongeag die klas waarin hy of sy deelneem;

4.5.2.2 **Platinum sakwapen** en sertifikaat vir kwalifiserende deelnemers.

4.5.3 **Op nasionale vlak** - Die toekennings op nasionale vlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie wat aandui dat dit op nasionale vlak behaal is, soos volg:

4.5.3.1 Op die totaal van die twee skietoefeninge, algeheel derde plek (brons), algeheel tweede plek (silwer) en wenner (goud) – **medaljes en sertifikate** vir elkeen van die 4 klasse in item 4.4.1, 4.4.3 tot 4.4.5;

4.5.3.2 Wisseltrofeë:

4.5.3.2.1 Ope klas - Wisseltrofeë vir die Victor Ludorum

4.5.3.2.2 Dames klas - Wisseltrofeë vir die Victrix Ludorum

4.5.3.2.3 Senior klas - Wisseltrofeë vir die senior Victor Ludorum

4.5.3.2.4 Juniors onder 18 jaar klas - Wisseltrofeë vir die junior Victor/Victrix Ludorum

4.5.3.3 Platinum toekenning:

4.5.3.3.1 **Groen SAJWV baadjie** met **Platinum sakwapen** en sertifikaat vir slegs die deelnemers wat die eerste keer kwalifiseer – hierdie toekenning word by die jaarlikse Kongres van die SAJWV gemaak;

4.5.3.3.2 Skuts wat in opvolgende jare kwalifiseer, sal 'n **Platinum balkie** en sertifikaat ontvang wat aan hulle oorhandig word by die nasionale Presidentskiet of gepos word;

4.5.4 **Pryse** by die nasionale Presidentskiet word soos volg hanteer: 'n deelnemer kan 'n prys in net een klas wen. 'n Skut skryf in vir 'n sekere klas en hy/sy neem streng deel in daardie klas. Indien van die skuts in die eerste drie plekke in 'n klas ook in die Ope klas in 'n plek eindig waar hy/sy 'n prys kan wen, kry hy/sy net die prys in die Ope klas en gaan die prys in die aparte klas na die volgende deelnemer.

4.5.5 In teenstelling met die pryse gaan die **trofee** in elke klas altyd aan die wenner van 'n klas en 'n persoon kan dus potensieel die trofee vir die Ope klas en die aparte klas (junior, senior of damesklas) ontvang, indien hy of sy albei wen.

---

5. Intertak Spanskietkompetisie

5.1 Die Intertak Spanskietkompetisie het ten doel om die SAJWV se kampioenspan van die jaar te bepaal. Die Top 30 spanne vir deelname aan die nasionale Intertak Spanskietkompetisie sal geselekteer word uit die resulate van die al die streek Intertak Spanskietkompetisies. Die uitnodigings word beperk tot 'n maksimum van drie spanne per tak. Slegs spanne wat 'n tak verteenwoordig en met die takbestuur se toestemming deelneem, word toegelaat om aan streek en nasionale skietkompetisies deel te neem. Spanne wat nie aan die vereistes voldoen nie, se tellings sal nie in ag geneem word vir die ranglyste met skietresultate van die SAJWV nie en hulle kan nie aan die nasionale skietkompetisie deelneem nie.

Nota: Die Ope-klas, B-klas of C-klas indeling vir individuele skuts is nie van toepassing tydens die streek en nasionale Intertak Spanskietkompetisies nie.

5.2 Reëls

5.2.1 Die reëls van die "SAJWV LIGA SKIETKOMPETISES – Skietoefening vir President- en Intertak Spanskiet spanskietkompetisies" geld vir die kompetisies vanaf 1 Januarie 2015.

5.2.2 'n Span bestaan uit 5 skuts. Die vyf posisies moet gevul word deur dieselfde skuts vir die Vlakte- en Bosveld skietoefeninge.

5.2.3 Al die skietoefeninge moet op die kompetisiedag deur al die skuts in ‘n span geskiet word om te kwalifiseer as ‘n geldige telling vir die nasionale ranglys van die Intertak Spanskietkompetisie.

5.2.4 Dit is ‘n vereiste vir die **nasionale** Intertak Spanskietkompetisie dat die Vlakte- en die Bosveld skietoefening deur alvyf skuts van ‘n span op dieselfde teiken geskiet word tydens die kompetisie. Daar moet egter ‘n nuwe teiken vir elke span gebruik word op elke afstand om die aantal skote per teiken te beperk (‘n maksimum van 15 skote per teiken) en so probleme met die neem van tellings uit te skakel.

5.2.5 Die lede van enige span van ‘n tak hoef nie dieselfde persone te wees vir die streek en die nasionale Intertak Spanskietkompetisie nie.

5.3 Toekennings ens

5.3.1 Die toekennings op streekvlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie, wat aandui dat dit op streekvlak behaal is, soos volg:

5.3.1.1 Die Kampioenspan word bepaal deur die totale van elke spanlid bestaande uit die Vlakte- en die Bosveld skietoefeninge saam te tel vir die groottotaal van die span;

5.3.1.2 Medaljes en sertifikate vir elke spanlid van die derde (brons), tweede (silwer) en Kampioenspan (goud).

5.3.2 Die toekennings op nasionale vlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie, wat aandui dat dit op nasionale vlak behaal is, soos volg:

5.3.2.1 Die Kampioenspan word bepaal deur die totale van elke spanlid bestaande uit die Vlakte- en die Bosveld skietoefeninge saam te tel vir die groottotaal van die span;

5.3.2.2 Medaljes en sertifikate vir elke spanlid van die derde (brons), tweede (silwer) en Kampioenspan (goud);

5.3.2.3 ‘n Wisseltrofeë vir die Kampioenspan.

---

6. Junior skietkompetisies

6.1 Die jaarlikse nasionale Junior skietkompetisies het ten doel om die SAJWV se junior skut van die jaar in drie kompetisies te bepaal. Die Junior skietkompetisies bestaan uit:

6.1.1 die Luggeweer skietkompetisie vir Juniors onder 9 jaar en

6.1.2 die 22 Randslag en Drukluggeweer skietkompetisies vir Juniors onder 13 jaar.

6.1.3 die 22 Randslag en Drukluggeweer skietkompetisies vir Juniors onder 18 jaar.

6.2 Reëls

6.2.1 Enige SAJWV junior skut wat aan te minste 3 takskoefeninge of streekskietkompetisies deelgeneem het (om te verseker dat die juniors vertroud is met skietbaanveiligheid en prosedures en dat hulle vertroud is met hulle wapens), kan inskryf vir die nasionale junior skietkompetisie.

6.2.2 Die nasionale Junior skietkompetisies word as ‘n alleenstaande geleentheid aangebied.

6.2.3 Daar moet geleentheid wees vir die instel van gewere vanaf maksimum 50m voor die kompetisie op die dag van die kompetisie vir 22 Randslag gewere en Druklug Luggewere en maksimum 15m vir luggewere. ‘n Minimum van 10 minute totale inskiettyd word toegelaat.

6.2.4 Om te kwalifiseer as ‘n Junior (onder 9 jaar) of junior (onder 13 jaar) of junior (onder 18 jaar) moet die junior op 1 Januarie bv. nog nie 9 jaar oud wees nie. So ‘n persoon neem dan vir die res van die betrokke jaar deel aan die junior (onder 9 jaar) skietoefening;

6.2.5 Daar is geen beperking op ‘n onder 9 junior om wel aan die 22 Randslag en Druklug Luggeweer skietoefening vir die onder 13 of onder 18’s deel te neem nie of ‘n onder 13 of onder 18 junior om wel aan die standaard Presidentskietkompetisie in die junior onder 18 jaar klas deel te neem nie. Die voorwaarde is dat so ‘n skut dan deelneem op grond van die reëls wat daar geld met geen toegewings op bv. skietposisies ens. nie en geen bystand of afrigting word deur enige persoon toegelaat nie.

6.2.6 ‘n Junior mag in net een van die Junior skietkompetisies of klasse deelneem om potensiele logistieke probleme op die dag van die kompetisie te verhoed.

6.3 Toekennings

6.3.1 Die toekennings op streekvlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie wat aandui dat dit op streekvlak behaal is. Medaljes en sertifikate word in die eerste drie plekke in al drie die Junior skietkompetisies toegeken vir die derde plek (brons), tweede plek (silwer) en die wenner (goud);

6.3.2 Die toekennings op nasionale vlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie wat aandui dat dit op nasionale vlak behaal is. Medaljes en sertifikate word in die eerste drie plekke in al drie die Junior skietkompetisies toegeken vir die derde plek (brons), tweede plek (silwer) en die wenner (goud); 'n Wisseltrofeë word verder vir elk van die wenners van die Junior skietkompetisies op nasionale vlak toegeken.

---

7. Intertak UITDAAG spanskietkompetisies

7.1 Die doel met die reeks van Intertak UITDAAG spanskietkompetisies op streekvlak is die skep van skietkompetisies oor korter afstande vir skuts wat nie beskik oor toerusting (geweer/teleskoop/ammunisie) om op die vlakteskietoefening te kompeteer nie en aanmoediging van steeds groter deelname op streekvlak en skietontwikkeling. Die idee is om die skuts wat nog nie op streek of nasionale vlak deelneem nie, aan te moedig om vriendskaplik teen buurtakke te kompeteer in spanverband.

7.2 Reëls

7.2.1 In enige gegewe jaar mag die Top 200 skuts gebaseer op die vorige jaar se streek Presidentskietresultate aan die Intertak UITDAAG spanskietkompetisie deelneem. Die enigste beperking is dat slegs een Top 200 skut per span van vyf mag deelneem aan die Intertak UITDAAG spanskietkompetisie. Hierdie beperking geld nie vir die Presidentskietkompetisie nie en enige skut kan daaraan deelneem;

7.2.2 Die reëls van die "SAJWV LIGA SKIETKOMPETISES – Skietoefening vir die UITDAAG SPANSKIETKOMPETISIEs" geld vir die kompetisies vanaf 1 Januarie 2016. Sien aangehegte dokument.
Die Vlakvark met kalibertoegewing en Rooibok met 'n rus skietoefeninge word gebruik en die afsonderlike reël vir dié twee skietoefeninge is van toepassing en elke skietoefening tel uit 'n totaal van 45 punte;

7.2.3 Die enigste beperking op toerusting – teleskoop vergroting word beperk tot 12 x vergroting;

7.2.4 'n Span bestaan uit vyf skuts wat almal aan die aangepaste Vlakvark en Rooibok met 'n rus skietoefeninge op dieselfde dag moet deelneem;

7.2.5 Dit is 'n vereiste vir die Intertak UITDAAG spanskietkompetisies dat die Vlakvark en Rooibok met rus skietoefening deur alvyf skuts van 'n span op dieselfde teiken geskiet word tydens die kompetisie. Daar moet egter 'n nuwe teiken vir elke span gebruik word op elke afstand om die aantal skote per teiken te beperk ('n maksimum van 15 skote per teiken) en so probleme met die neem van tellings uit te skakel.

7.2.6 'n Ranglys bestaande uit al die streke se resultate word saamgestel vir kennisname en rekorddoeleindes en beskikbaar gemaak.

7.2.7 Die Intertak UITDAAG spanskietkompetisies vind slegs plaas op streekvlak en daar is nie 'n nasionale skietkompetisie nie.

7.3 Toekennings ens

7.3.1 Die toekennings op streekvlak gee aan skuts erkenning vir skietprestasie, wat aandui dat dit op streekvlak behaal is, soos volg:

7.3.2 Die Kampioenspan word bepaal deur die totale van elke spanlid bestaande uit die Vlakvark- en die Rooibok met 'n rus skietoefeninge saam te tel vir die groottotaal van die span;

7.3.3 Medaljes en sertifikate vir elke spanlid van die derde (brons), tweede (silwer) en Kampioenspan (goud).